

Stappie



NUUSBRIEF VAN DIE ATLETE VIR CHRISTUS
BLOUVLEIWEG 56, WELLINGTON 7655

JAARGANG 21, NOMMER 1

APRIL 2014

Reünie week groot belangstelling

“Atlete vir Christus toer vanjaar vir die 40ste keer sedert 1975. Dit is genoeg rede om weer ’n slag reünie te hou,” sê Jan Slabbert (A87,88,89,90,91), die voorsitter van die Reüniekomitee. Jan was ook vir sy laaste drie toerjare die leier van Atlete.

“Uit die meningsopname wat ons onder Oud-Atlete gedoen het, het 62% van ons respondente aangedui dat hulle graag ’n reünie sal wil bywoon. Hierdie terugvoer het die Reüniekomitee opnuut gemotiveer met die wete dat dit darem nie net ons tien stuks is, wat dink ’n reünie is ’n *cool* idee nie.”

Stappie het vir Jan gevra hoekom die Reüniekomitee dink dat ’n Atletereünie ’n *cool* idee is. Hy het gesê in hulle gesprek oor die saak is daar vyf redes geïdentifiseer. Die saak wat almal eerste genoem het, is om die mense wat saam met hulle getoer het, weer te sien. Hulle sal ook graag wil sien en hoor wat *Atlete vir Christus 2014* gedoen het en hoe hulle dit gedoen het.

“Daar is natuurlik ook ’n ‘ander’ sterker band wat ons saambind. ’n Ander rede is om oud-Atlete van ander jare te ontmoet, wat in ons omgewing woon en werk – maar ons het nog nie voorheen die ‘ander’ band besef wat ons bind nie.” Jan het die voorbeeld genoem wat vroeër vanjaar afgespeel het: Twee vorige leiers was dikwels saam in vergaderings sonder dat hulle besef dat beide Atlete was: **Nico Taljaard (A83,84)** en **Tobie Lourens (S02,A03,S04)**.

Jan het vertel die Komitee wil almal weer ’n toer in die-kleine laat beleef en my gesin daaraan bloot stel. “Wat die Reüniekomitee probeer regkry, is om ’n program daar te stel met elemente wat jou aan ’n toer sal herinner.”

Een van die belangrike sake waaraan die Komitee werk, is om die naweek so bekostigbaar as moontlik te maak – as jy weet van moontlike borge, laat ons weet!

Jan het ook vertel dat hulle wil sorg dat ons BAIE lekker eet, GENOEG lag en LEKKER kuier. Maar die program word so ingeklee dat NIE-Atlete gades en kinders dit ook geniet. Daarom is dit nodig om soveel as moontlik oud-Atlete op te spoor en te oortuig om te kom deel in die pret.

“Boweal wil ons deur die naweek se saamwees dankie sê vir 40 jaar se onverdiende genade en oorfloedige seën van Bo.”

Die reünie vind by die Mountain Breeze-vakansieoord net buite Stellenbosch (reg oorkant Stellenbosch se vliegveld) op die pad na Somerset-Wes plaas. Dit gebeur op die eerste naweek van die September-skoolvakansie: 3-5 Oktober 2014.

Die volledige besonderhede en inskrywingsvorme vir die reünie word aan die begin van Junie 2014 uitgestuur.

Toerpa 2014



Vanjaar se toerpa is dr **Frederick Marais (A78,79,T14)**. Frederick was in sy laaste toerjaar ook leier van Atlete.

Veertig keer vertrou

“Ek en my pa gesels so ’n rukkie terug oor wat dit is van *Atlete vir Christus* wat vir ons so uiters spesiaal is,” sê vanjaar se leidster **Janneke Marais** (P12,S13,P14). “Sonder om te hard te dink, het ons al twee op dieselfde antwoord gekom: Die buitengewone aanvaarding en liefde wat elke jaar tussen die spanlede heers, was vir ons altwee een van die kosbaarste ervarings. Dit was vir my wonderlik om te hoor dat dit nie net ek was wat dit so intens ervaar het nie, maar dat my hart dieselfde ervaar as die spanne wat 40 jaar gelede begin toer het. Wat ’n ongelooflike groot voorreg om *Atlete vir die veertigste jaar* te kan meemaak. Dit is ongelooflik dat Jesus hierdie uitreik vir 40 jaar lank bewaar en koester om nog baie werk vir Hom te doen, in die jare wat nog kom. *Atlete* het my al soveel geleer van liefde, ondersteuning, aanvaarding, stiltes en wonderlike ervarings saam met Jesus. Hy het my geleer om myself te vind tussen ander gelowiges en om vertrou te hê dat dit wat Hy beplan, beter is as wat ek ooit kan indink. Hy is definitief ook besig om my te leer van vertrou. Vertrou in die feit dat sy tydsberekening perfek is. Hy is nooit te vroeg nie en Hy is nooit te laat nie. Hy is altyd op tyd. Hierdie jaar weet ek dat Hy my leer hoe om Hom te vertrou. Hy gaan dit nie net doen deur ’n Bybelversie of deur ’n mooi liedjie nie. Hy gaan my neem tot by die geleentheid waar ek die werklike waarde van vertrou by Hom sal kan leer. My hoop vir *Atlete* is dat alle menslike vrese stukkie vir stukkie agtergelaat sal word, soos wat ons vorentoe hardloop. Ek het hoop dat die stukkie vrese wat agtergelaat sal word, sal plek maak vir nog meer vertrou in Jesus, waar ons harte rus sal vind in syne. Ek het hoop dat wanneer ons by die eindpunt kom, dat ons vertrou in Hom alleen sal wees en nie in onself nie. Soos wat God vir Abram belowe het, “Moenie bang wees nie, want Ek sal jou beskerm en jou beloning sal groot wees” (Gen 15:1).

“Ons maak ons los van wat agter is en strek ons uit na voor, met U sal ons die wedloop nooit verloor.”

“Hierdie jaar is ons span ongelooflik trots om 40 jaar se *Atlete* se harte saam met ons te kan dra op die pad wanneer ons hardloop, sing en gesels. AHOE, AHOE, AHOE!



Baie opgewonde

“Minder as twee maande terug het ek en Janneke gesit en probeer om ’n roete vir vanjaar se toer uit te werk. Ek was baie gespanne en – as ek moet eerlik wees – het ek nie gedink ons sou dit regkry nie,” vertel **Johan Kellermann** (S11,A12,13), vanjaar se leier. “Nou is die Kenmekaarkamp, Fabeltjies 1, portefeuljies en alles wat daarmee gepaard gaan, al agter die rug. Ek kan nie sê dat ek nie nog steeds gespanne oor die toer is nie, maar in my onkunde, swak vertrou en menslikheid weet ek dat die Here hierdie jaar se toer reeds beplan het en reeds weet wat moet gebeur. Ek glo dat dit vir my ’n onvergeetlike geestelike en fisieke ondervinding gaan wees. Ek hoop dus dat ek met hierdie toer iets vir iemand anders kan beteken, dat ek sal groei in myself en my geloof en dat ek die Here se plan vir my sal leer ken. Ek is baie opgewonde en sien uit om te sien hoe die Here nog gaan voorsien. AHoe!”



Vanjaar se toerleiers, Janneke Marais en Kobus Kellermann



Toerroete vir 2014

Johan en Janneke, vanjaar jaar se toerleiers, het die toerroete vir 2014 bevestig. Daarvolgens gaan die span 2 034 km in die drie weke aflê. Die toer begin in Port Elizabeth en eindig by Knysna. Die langste skof is 17,8 km en die kortste net minder as 8 km.

30 Jun	Ma	Port Elizabeth	Uitenhage	Sunland	
1 Jul	Di	Sunland	Zuurberg	Somerset-Oos	143
2 Jul	Wo	Somerset-Oos	Pearston	Graff-Reinet	170
3 Jul	Do	Graff-Reinet	Nieu-Betesda	Cradock	169
4 Jul	Vr	Cradock	Hofmeyr	Steynsburg	110
5 Jul	Sa	Steynsburg	Burgersdorp	Aliwal-Noord	126
Week 1					
Totaal:					747
7 Jul	Ma	Aliwal-Noord	Zastron	Wepener	144
8 Jul	Di	Wepener	Dewetsdorp	Bloemfontein	111
9 Jul	Wo	Bloemfontein	Boshof	Kimberley	178
10 Jul	Do	Kimberley		Douglas	111
11 Jul	Vr	Douglas		Hopetown	80
12 Jul	Sa	Hopetown		De Aar	122
Week 2					
Totaal:					746
14 Jul	Ma	De Aar	Richmond	Murraysburg	164
15 Jul	Di	Murraysburg		Aberdeen	96
16 Jul	Wo	Aberdeen		Willowmore	136
17 Jul	Do	Willowmore	Uniondale	Knysna	145
Week 3					
Totaal:					542

Toertotaal 2034 km



Tweedes

Vanjaar se toer-groep het nog 'n tweede geslag Atleet: **Wilma Pieterse** (S14) is die dogter van **Willemien** (Malherbe) **Pieterse** (S84,85,86,87). Vanjaar se leiers is ook tweede geslag Atlete: Johan is die seun van GP en Elisma Kellermann en Janneke is Frederick Marais se dogter.

Toekenning

Jan van Wageningen (A90,91,92), die bestuurder van die Knysna Sportskool, was aan die einde van verlede jaar by 'n gala-aand die ontvanger van Sanlam se liefdadigheidstoekenning. Hier is Jan (links) saam met Mark Willems van Sanlam. Jan was in 1992 die leier van *Atlete vir Christus*.



Aangename kennis



By vanjaar se Kenmekaarkamp is die Saterdagoggend, soos gebruiklik, gewy aan 'n dag op Atlete. Hier word die nuwe lede ingewy in die geheimnisse van die Tonnetljie. Voor staan **Richard Barnard** (S14) en **Margaretha Nel** (S13,14), terwyl **Stoffel Fivaz** (A13,14) en **Johan Kellermann** (S11,A12,13,14) gereed is om deur die Tonnetljie te hardloop.

Elsa (Wilson) van Dyk

7 April 1964 – 6 Oktober 2013

P84,85,86



Elsa se broer, Gous Wilson (A83,84), het vir **Stappie** die volgende huldeblyk geskryf:

Sy was my klein sussie en beste maatjie van kleintyd. Ons het saam by Mamma pakgekry en sy moes meesal die onderspit delf in ons eie onderonse. Tog dink ek het sy my gemodelleer en my mening en oortuiging was vir haar belangrik.

Elsa is in 1995 met Josef van Dyk ('n boer van Cradock/Tarkastad-distrik) getroud en hulle is geseënd met drie pragtige, talentvolle kinders. Misha is nou in Graad 10 op Oranje-Meisieskool in Bloemfontein, Elsheva (13) en Yahron 12) is naby Tarkastad in 'n ACE privaatskool.

Elsa het ongekomplomeerd gelewe. Toe sy in 2003 met borskanker gediagnoseer was, het sy geglo dat sy genees sal word, omdat haar Vader in sy Woord sê: “Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom” (Jes 53:5). Sy het haar lewe daarvolgens gepraktiseer.

Elsa wou bly lewe – nie ter wille van haarself nie, want sy het Die Lewe gevind. Ook selfs nie ter wille van haar gesin nie, want Vader het hulle reeds vir 10 jaar versorg terwyl sy siek was. Sy wou bly lewe om te bewys dat sy beloftes waar is en Christus die finale Oorwinnaar is.

Daar is baie dinge wat ek nie verstaan nie, maar een ding weet ek: Elsa se Model Held Jesus Christus is trots op die “stand” wat sy vir Hom gemaak het. Hy glimlag as sy vandag voor HOM staan.

Japtrap



Wilken Calitz (voor) en sy broer Wietsche by Japtrap

Die Japtrap se naam is eintlik ’n teenstrydigheid. Hoewel dit getrap word, is dit nie in ’n kits aanmekaar gesit nie. Dis ook nie ’n eenvoudige opset nie. Meters lange kables, honderde knoppe en proppe, versterkers, ander onbekende elektronika en swaardra is hierby betrokke.

Alles het begin met **Wilken Calitz** (S03) se behoefte om ’n solo-optrede te kan aanbied, maar met ’n vol klank. Hy is reeds bekend as violis in verskeie produksies, as kitaarspeler in ander en hy is ook ’n lid van die alternatiewe duo *Die Skynmaagde*.

Omdat orkeste ál kleiner word en musikante ál meer alleen op die verhoog moet staan, het hy begin dink aan ’n manier om gelyktydig met sy hande en voete musiek te kan maak.

Hier kom sy broer, Wietsche, in. As opgeleide elektroniese en elektriese ingenieur was hy die voor die hand liggende keuse vir ’n man met ’n plan.

Die broers het ’n Yamaha-orrel uit die jare 80 by ’n pandjieswinkel gekoop en die onderstel met die baspedale begin omskep en aanpas vir gebruik op die verhoog.

Wietsche het onder meer ’n kombinasie van hardeware en sagteware ontwikkel.

’n Mikro-rekenaar vertaal die trap-aksie na ’n elektroniese sein wat ’n klawerbord beheer.

Afgesien hiervan gebruik Wilken ook ’n reeks elektroniese hulpmiddels om onder meer aaneenlopende klanke op te neem.

Hulle het vir sowat vier maande aan die stelsel gewerk.

“Ek hou daarvan om grense te verskuif,” sê Wilken. “Dis wonderlik om te hoor hoe al hierdie klanke vloei en tog sin maak.”

Met die tegnologie tot sy beskikking is hy nou ’n ware eenman-orke. Hy kan kitaar, viool of mondfluitjie speel, die pedale trap en ’n verskeidenheid van instrumentale klanke voortbring.

Hy het sy eerste uitvoering met die Japtrap vanjaar op die US Woordfees gehou. *Chromatique* is op 7 Maart 2014 in die Eikestadnuus-klankkamer aangebied.

Hy het al die musiek vir die produksie self gekomponeer. Om die klassieke potensiaal van die eenpersoon-orke te wys, gaan hy ook ’n beweging uit Bach se Tjello suite no 1 in G majeur speel – verwerk vir akoestiese kitaar.

Al het hy die probleem van ’n orke opgelos, is daar nog die probleem van alles opstel. Volgens Wilken het hy sowat ’n uur en ’n half nodig om alles voor te berei. En blykbaar is die hele kaboedel nie ’n ligte gewig om rond te dra nie.

Dalk sal hy tog ’n assistent van ’n aard moet kry om te help. Hy loer skuinsweg na Wietsche. Aangesien hy ook in een stuk musiek saamspeel, lyk hy na die ideale keuse. Met ’n demonstrasie van die Japtrap vee Wilken later sweet af. “Só gaan dit as ’n mens mal dinge wil doen” sê hy met ’n verleë laggie.

Stappie

Die volgende uitgawe van **Stappie** verskyn in Oktober ná die toer en die reünie. Laat gerus ook van jou hoor. Vertel ons van jou doen en late – en stuur gerus ’n foto of twee saam.

Stappie


Blouvleiweg 56, Wellington 7655

Sel: 079 524 4541

Tel: 021 873 2768

Epos: diebolle@patat.co.za

Membra Jesu Nostri



Leon tydens een van die koor se repetisies

Die kantatesiklus *Membra Jesu nostri*, BuxWV75 van Dietrich Buxtehude (1637-1707), is een van die indrukwekkendste 17de-eeuse komposisies wat vir die Passieweek bedoel is. Dié werk is ’n meditasie oor Jesus aan die kruis. Elkeen van die sewe onderdele fokus op ’n spesifieke fisieke onderdeel van sy lyding.

Die sewe kantates word elkeen voorafgegaan deur ’n stemmingsryke instrumentale sonate. Dit is verder opgebou uit arias en kore met ’n afsluitende Amen in die slotkantate.

Die dirigent **Leon Stalker** (S82,83,A84,S85,A87) en die Nederlandse konsertmeester Antoinette Lohmann was die afgelope paastyd in Pretoria die stukrag agter dié projek. Hierdie weergawe was met vyf sangers en ses instrumentaliste ’n intieme uitvoering op klein skaal. Die koorgedeeltes is gevul met een sanger per stemtipe en dít het die helder teksture binne Buxtehude se komposisievaardigheid duidelik laat uitstaan.

Starker het duidelik gespesialiseerde vroeg-Barok-sangers om hom vergader: Talita Laubscher (sopraan 1), Daleen de Kock (sopraan 2), Tina Tshupane (alt), Don Boroughs (tenoor) en Hendré van Zyl (bas).

Die luisteraar is getref deur die spanwydte van Buxtehude se musikale “taal” en die inspirerende vonke wat daaruit spruit. Anneke Lamont (orrel) en Berthine van Schoor (tjello) het die continuo uiters soepel gehou.

Grootbaas in Switserland

Carlton and United Breweries (Australië) het onlangs aangekondig dat **Willie Frick** (S96,97,98) vanaf Julie 2014 aangestel word as Wêreldwye Direkteur Plastiek (Global Category Director Plastics) van die drankreus. Hy sal in die dorp Zug in Switserland by die Sentrale Verpakkings- en verkrygingspan gestasioneer wees. SAB Miller (Suid-Afrika se groot biermaatskappy) is deel van hierdie onderneming.)

Ná sy studies was Willie eers by Lever Brothers in Durban. Daarna het hy ’n pos by SAB Miller aanvaar. Daar was hy Streekbestuurder (RSA en Afrika) Glas. Hy is toe na CUB in Australië gesekondeer. In hulle verkrygings- en verpakkingsafdeling was hy verantwoordelik vir volhoubare en betroubare verkryging van glasprodukte. Daar het hy ’n sleutelrol gespeel in die herstrukturering van die glaskategorie van verpakking. Hy het die ontwikkeling van strategiese onderhandelings met O-I, ’n glasvervaardigingsmaatskappy hanteer. Daardeur het hy die voorsieningsproses van glas na ongekende hoogtes gelei. Hy het die Trinity Global Ambassadeurstoekening F11 ontvang.

Willie is getroud met Jenny en hulle het twee kinders, Rebekkah (op pa se arms) en Josua.



10 merkwaardige jare

“HospiVision het verlede jaar hulle tiende verjaardag gevier. Hulle het tans 46 permanente personeellede en bereik pasiënte van Pretoria, die Oos-Kaap, Noord-Kaap, Wes-Kaap, die Vrystaat en selfs van die buiteland. Hulle is ook genomineer vir die prestige Bill Gates-toekenning. Aan die hoof van hierdie organisasie staan die grondlegger, dr **André de la Porte** (S80,81).



Aan die begin, in 2003, het sake anders gelyk. Die personeel is in drie kantoor-tjies en ’n stoorkamertjie ingepak. Fondse was uiters beperk. Een van die werkers het vir André gevra waar hulle geld vir die bediening gaan kry. Hy het sy standaardantwoord gereed gehad: “Ek sal daarvoor bid.” Dit was moeilike tye en die bydraes klein. Maar die personeel se motivering, geloof en toewyding het die daaglikse uitdagings te bowe gekom. Hulle fokus was op hulle eerste prioriteit (wat later HospiVision se leuse geword het: *Touching lives. Giving hope.*

André se gebede is verhoor en die werk het uit sy nate gebars. Daar is hard gewerk om *Choose Life* te ontwikkel: dit is ’n waardegebaseerde benadering tot die MIV-infeksiëkoers – die Christen se alternatiewe antwoord om die MIV-pandemie aan te spreek. USAID het vir vier jaar fondse vir die projek voorsien. In daardie tyd is die

infrastruktuur uitgebou en het HospiVision sy eie radio-program gekry. Kontakte in die gemeenskap in die vorm van mentors, opleiers en fasiliteerders is aangestel en *Choose Life* se boodskap het by 250 000 mense uitgekom. Nuwe, goedtoegeruste kantore in die nuwe Steve Biko Akademiese Hospitaal en by die Tshwane Distrikhospitaal het realiteit geword.

In tien jaar het HospiVision ongelooflik gegroei. In nederige erkentlikheid teenoor die almagtige God het André vertel: “Meer as 2 000 jaar gelede het Jesus in ’n gelykenis gesê: *Ek was siek en julle het My besoek* (Matteus 25:36). Deur die millennia het die kerk in sy verskeie gestaltes hierdiewoorde van Jesus as ’n opdrag verstaan en dit probeer gehoorsaam. Die kapel in die Tshwane Distrikhospitaal is ’n teken van hierdie gehoorsaamheid. 10 jaar gelede het HospiVision aan hierdie roeping gehoor gegee en begin om lewens aan te raak en hoop te gee (*Touching lives, Giving Hope*). Ons word geïnspireer deur die Son van Geregtigheid met genesing in sy strale (Maleagi 4:2).”

Onlangs het HospiVision bande gesmee met David Deborough van die Dulwich-sentrum. Die Dulwich-sentrum is ’n gerekende onafhanklike instansie in Adelaide, Australië, wat betrokke is by narratiewe terapie, gemeenskapswerk, opleiding, publikasies en die ondersteuning van professionele werkers in verskillende dele van die wêreld. Saam met vennote bied hulle gereeld internasionale konferensies en opleidingsbyeenkomste aan.

NB *Besonderhede* **NB** *vir bydraes*

Atlete vir Christus draf weer vanjaar om fondse bymekaar te maak om Bybelstudiegidse in tronke beskikbaar te stel. Dit is belangrik om daarop te let dat die bankinligting verander het vanweë rasionalisering van al die bankrekenings van die gemeente. Die gemeente het nou net een rekening. Daarom is dit belangrik dat jy die verwysing AvC byvoeg sodat jou geld op die regte plek beland. Jou bydrae sal opreg waardeer word. Hier is die nodige inligting as jy vir vanjaar se toer ’n bydrae wil maak:

NG Kerk Stellenbosch

Nedbank, Business Winelands

Rek: 1498043232 (Tjek)

Takkode: 149821

Verwysing: AvC

Die reis saam met Atlete vir Christus

Suzanne Basson (S14) het opgewonde vir **Stappie** vertel dat vanjaar se Kenmekaarkamp met 'n japtrap Vrydag 11 April weggespring het. "Almal het na klasse vinnig die pad gevat op pad na Hermanus toe. Die nuweling is die eerste aand goed welkom geheet met 'n lekker braai en saamsing by die vuur: van *Suikerbos* tot *Piekniek op die maan*.

Saterdag is ons met 'n heerlike ontbyt wakker gemaak en het ons die dag begin met Bybelstudie. Dit was besonders om te sien hoe God op verskillende maniere met ons kommunikeer en om te hoor waar elkeen in hulle verhouding met Christus staan.

Die res van die dag het bestaan uit die bespreking van ons portefeuljies vir die toer, klere aanpas en 'n persoonlikheidsontleding. Dié ontleding het die toerpa, oom Frederick aangebied. Dit het ons elkeen meer vertel oor wie ons is en hoe ons as span kan saam funksioneer. Daar was lekker gelag oor almal se verskillende eienskappe – van dagdromers tot grootpraters. Ons het gou besef dat *Atlete vir Christus* 'n unieke spul mense by mekaar gegooi het.



'n Oomblik tydens die Kenmekaarkamp. Van links na regs **Rikus Oosthuizen** (A14), **Suzanne Basson** (S14), **Richard Barnard** (S14), **Margrethe Nel** (S13,14) en **Altus Treurnicht** (S13,A14).

Laatmiddag het die mans die koue Hermanus-water aangedurf, en saam met dolfyne geswem, terwyl party 'n slapie gevang het. Die aand het kosbare oomblikke ingehou toe *Fabeltjies 1* aangebreek het. Elkeen het vertel van ons lewenspad en hoe dit ons laat groei het tot wie ons vandag is. Party is ouer, en party moes dieper waters deurmaak, maar wat ons in gemeen het, is die begeerte om meer te leer van wat die lewe en ons verhouding met Jesus vir ons inhou.

Op die laaste dag van die kamp het ons 'n voorsmakie gekry van 'n dag op die Atlete. Aan die nuweling is gou gedemonstreer wat beteken hardloop, tonneltjie bou, stêppie en om iemand langs die pad te was. Daarna het ons vir oulaas see toe gestap en daarna weer die pad teruggevot Matieland toe.

Die kamp het ons as groep nader aan mekaar gebring en die eerste herinnerings gebou van 'n belowende reis wat ons nog saam gaan loop.

Eerste vir Atlete



Sam en Stanley Chamberlain saam met Abri ná afloop van die ordening en bevestiging

Aan die begin van die jaar is *Atlete vir Christus* se eerste vroue-dominee as predikant van die NG Gemeente Suider-Strand georden en bevestig. Ds **Sam Chamberlain** (P06, 07,08). Sam was in haar laaste toerjaar ook die leidster van Atlete. Sy is getroud met **Stanley Chamberlain** (A01, 02,03,04). Stanley was in sy laaste toerjaar ook die leier van Atlete.

Etiek-konferensie



Aan die einde van Mei vind die vierde jaarlikse Etiek-konferensie by Emperors Palace in Gauteng onder leiding van prof **Deon Rosouw** (A78,79,80,81) plaas. Die tema is die daarstelling van organisasies en maatskappye wat eties gesond funksioneer. Deon sê daar is tans 'n skreiende tekort aan etiese leierskap, persoonlike integriteit en verantwoordbaarheid. Deon is die

hoof uitvoerende beampte van die Etiese Instituut van Suid-Afrika. Hy was in sy laaste toerjaar die leier van Atlete. Hy is getroud met **Anys** (van Greunen) (P80,81).